

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 29 Oktober 2017*

*Baie Welkom by ons Erediens!*

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Rom 7: 13-26.

Fokus: Rom 7: 21-23 (OAV).

**Identifiseer jouself met die innerlike mens wie jy in Jesus Christus is.**

### **Omgee:**



- Quintin en Anjé Sofianos se babaseuntjie Juan-Luc moet 'n nierbuisie operasie ondergaan om 'n obstruksie te verlig. Die operasie word beplan vir Dinsdag in Morningside Kliniek.
- Susan le Roux is opgeneem in Wilgeheuwel hospitaal met ontwatering en vir toetse.
- Baie geluk aan Ariadne en Elsjevon met ere-toekennings wat hulle gekry het.

### **Offergawes:**

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

### **Afkondigings:**

- **Gemeente-toerusting en die Hoërskool kategese** vind plaas DV volgende Sondag (5 Nov) om 17h00 in die kerkgebou. Marietjie Volschenk bied die Droomkursus aan as toerusting.

- **Gesamentlike Hervormingsfees** (GK Witpoortjie, Ontdekkers, Newclare en Bergbron): vanmiddag om 18h00 sluit ons af met 'n gesamentlike feesdiens (Aan God alleen die eer)
- Ons sluit die “40 dae van **Vreugdevol Vry!**” DV vanoggend na die erediens af in die kerkgebou. Die tema vir die afsluiting is “Missio Dei” – om deur God gestuur te wees.
- **Volgende Heilige Gees Seminaar** word beplan vir **3-4 November by Bergbron**. Koste is R200 per persoon of R300 per paar wat 'n werkboek en etes insluit. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Ons beplan 'n **Kerssangdiensvergadering op Maandag 30 Oktober om 18h30** in die kerkgebou. Almal wat kan help word hartlik uitgenooi na die vergadering.
- **TUINGEREEDSKAP**: as jy enige tuingereedskap (snoeiskêr, byl, hark, vurk, skoffel, skopgraaf, grasmašien, tuinslang en sproeiers, ens.) het wat jy nie gebruik nie, sal jou donasie BAIE waardeer word!
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag is dit Groep 5, Sophie, Santjie en Anja, se beurt. Volgende Sondag skink Groep 1, Susan B, Kinnie, Annette en Maureen.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, [pieterankie@eject.co.za](mailto:pieterankie@eject.co.za) of sms na 072 651 8286).

## Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: Rom 7: 13-26.

Fokus: Rom 7: 21-23 (OAV).

**Identifiseer jouself met die innerlike mens wie jy in Jesus Christus is.**

- *Innerlike mens* verwys na ons gees; *gemoed* verwys na ons siel; en *lede* verwys na ons liggaam/vlees (Rom 7: 22-23).
- Jy kan nooit deur 'n wet in jou gemoed oorwinning kry oor die sonde in jou vlees nie. Intendeel, die sonde in jou vlees sal totale beheer kry oor jou gemoed (denke, emosies en wil).
- Die eerste stap om die kwaad te oorwin wat ek nie wil doen nie: Moenie jouself met die sonde identifiseer nie (Rom 7: 17-20).
- Die tweede stap om die kwaad te oorwin wat ek nie wil doen nie: Identifiseer jouself met die innerlike gees-mens wie jy in Jesus Christus is (Rom 7: 22).

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:**

- Verduidelik die onderskeid tussen gees, siel en vlees.
- Verduidelik hoe gelowiges baie keer deur 'n wet in die gemoed die sonde probeer oorwin. Wat is die uiteinde van so 'n poging?
- Verduidelik die stappe om die kwaad te oorwin wat jy nie wil doen nie.

## Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul 'n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

# **Gebed** NB: GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00 DIE HART VAN AANBIDDING

## **Deel 3. Hoekom het die Hebreërs skrywer die goue reukoffer altaar geskuif vanaf die Heiligste in die Ou Testament na die Allerheiligste in die Nuwe Testament?**

*By vorige geleenthede het ons die deel –*

*1. God se patrone verander nooit, asook 2. Bestanddele en betekenis van die reukwerk (wierook) hanteer.*

### **Inleiding**

*Bennie Mostert skryf...The purpose of silence/solitude is not to recharge your batteries, but to find Jesus. Not to get control. But to lose control: in His hands*

*“Our sole purpose is simply to be with God in that central place of quiet in our spirits, where HE IS AND REMAINS OUR ALL IN ALL, AND WHERE WE LIVE TO WORSHIP AND ADORE HIM, WAITING PATIENTLY AND HUMBLY FOR HIS VOICE, AND BASKING IN THE WARM GLOW OF HIS ETERNAL LOVE. “.....sê Jim W. Goll van IHOP*

### **Bespreking (Gedeelte geneem uit: Hebreërs vir vandag. Skrywer Dr. Andrie du Toit)**

Die *Allerheiligste* met die verbondsark daarin was vir die Israeliete die heel *heiligste plek* op aarde. Dit was die ontmoetingspunt tussen God en die mens, die plek waar God sy aardse woning gevestig het. Die *hooffokus van die Allerheiligste* was die ark waarin die goue kruik met manna, die kiere van Aäron en die plat klippe met die tien gebooe geplaas was.

Die plasing van die *goue wierookaltaar* volgens Heb.9:4 in die *Allerheiligste* is ‘n bietjie problematies omdat hierdie altaar volgens Eks. 40:26 in die *Heilige* gestaan het. Reg voor die voorhangsel wat na die *Allerheiligste* gelei het. Daar was egter ‘n sekere tradisie wat hierdie altaar wel in die *Allerheiligste* geplaas het. Die skrywer van Hebreërs volg hierdie alternatiewe tradisie ten spyte daarvan dat hy Eks.40:26 sou geken het. **Waarom?**

Die antwoord lê dus by die *Allerheiligste*. Vir die Hebreërs se simboliek is die *Allerheiligste* so enorm belangrik omdat dit vir hom die afbeelding van die nog heerliker hemelse heiligdom is waar God sy eintlike woning het en waar ons groot Hoëpriester diens doen. In simboliese taal: *Dit gaan om die plek van God se direkte teenwoordigheid*. As ons Hebreërs reg verstaan, wil dit lyk of daar vir ons skrywer nie meer ‘n *Heilige* in die hemel is nie, net ‘n *Allerheiligste*. Die *wierookaltaar* was egter nog steeds vir hom belangrik. Om dit te kan behou moet hy dit in die *Allerheiligste* plaas.

Daarmee het ons egter nog nie by die volle antwoord gekom nie. Om heeltemal agter die kap van die byl te kom sal dit ons help om in gedagte te hou dat daar in Israel ‘n sterk assosiasie tussen die *wierookoffer* en die *gebed* bestaan het. (Ps 141:2; Luk 1:10). Volgens die *Joodse Targoem op Hooglied* het die volk, terwyl die aangename


*reukwolk* van die offer deur die tempelruim versprei het, neergeval en gebid: “*Mag die God van barmhartigheid in Sy heiligdom inkom en die offer van die volk met welgevalle aanneem.*”

Ook in Openbaring is die *reukoffer* intiem aan die *gebed* verbonde. (vgl 8:3-5) Ons kan dus aanneem dat Hebreërs ons *gebede*, ons *aanbidding*, ons *lof* (vgl Heb 13:15) en ons *dank* as ‘n *reukoffer* voor die troon beskou en dat hierdie *reukoffer*, omdat dit in die *Allerheiligste* gebring word, God direk bereik. **SO BELANGRIK IS ONS GEBEDE VIR GOD.** Verder ook dit is Jesus self, ons groot Hoëpriester, wat ons *gebedsreukoffer* direk na die Vader toe kanaliseer. Daar is dus niks wat die ware gebed van God se kinders van Hom kan skei nie!

Wat *respek vir die heiligheid* van God betref, kan ons beslis by ou Israel gaan leer. Die tyd waarin ons leef, het die *aanvoeling* vir die *heilige en die mistieke* verloor. Ten spyte van die moderne lofprysingsbeweging tree die belewenis van God se *heilige teenwoordigheid* en die *ervaring van aanbidding* al hoe meer in ons eredienste terug. Ook voorgangers se *gebede* getuig nie altyd van omgang met die heilige God van hemel en aarde nie. Ons is vinnig besig om die kuns van aanbidding te verloor.

*Ons het net so behoefte aan God as die Gans Andere as wat ons aan Hom het as ons liefdevolle, nabye Vader. Die Heilige van Israel en die Vader wat sy verlore seun uit die vreemde omhels, is een en dieselfde God.*

Gerhard

**Lekker verjaar ...!**  Verjaardae in die week:  
04 /11 TINUS FORTUNE 082 633 2522

# Mag die Here jou oorvloedig seën

**GK Randburg Hervormingsfees 30 Oktober kontak Lizette 083 626 0603**

